

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 26: Shemini (שמִּינִי): Agste

Dit het gebeur dat op die agtste dag Moshe vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het en vir Aharon gesê het: "Vat vir jouself 'n bulkalf as sondoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor יהוה." Lev. 9:1 en 2 – PWL¹

Torah: Lev. 9:1 tot 11:47.

Haftorah: 2 Sam. 6:1 tot 7:17.

Hernieuwe Verbond: Mark. 7:1 tot 23; Mark 9:1 tot 13; Hand. 5:1 tot 11; 10:1 tot 35; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Gal. 2:11 tot 16; 1 Pet. 1:14 tot 16.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 26 wat afgelaai kan word by: [Parashah26Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

Lord grant that the FIRE of my heart may melt the lead in my feet. – Anonymous.

In Jewish culture it's just as important to know both sides of a Torah debate as it is to "know the answer" – Nehemia Gordon.

Eet jy om te lewe of lewe jy om te eet?

Midrash (Torah Bespreking)

'n Koninklike Priesterdom

Parashah 25 (*Tzav* – Gee Opdrag) het geëindig met die toewyding van Aäron en sy seuns – 'n seremonie wat sewe dae geduur het en wat in Lev. 8:1 tot 36 beskryf word. Parashah *Tzav* word dan ook afgesluit met hierdie woorde:

Daarom moet julle by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank; julle moet die opdragte van יהוה hou, dat julle nie sterf nie, want so is ek beveel." So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat יהוה deur die hand van Moshe beveel het. Lev. 8:35 en 36 – PWL.

Elke priester moes die opdragte van YHVH gehoorsaam sodat hy nie sou sterf nie! Die belangrikheid van gehoorsaamheid van elke priester word in hierdie week se Torahskriflesing bevestig wanneer ons herinner word aan die vreemde vuur wat Nadab en Abihu in die teenwoordigheid van YHVH-God gebring het en gesterf het!!

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie. Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 10:1 en 2 – PWL.

Talle Christene sien die Nadab-Abihu-gebeure as nie meer van toepassing nie, omrede hulle glo dat onder die genade van die hernieude verbond is hul vry van die wet (die Torah – YHVH se onderrig en instruksies). Daar word egter vergeet dat al hierdie dinge wat met Israel gebeur het, opgeskryf is om as voorbeeld en waarskuwing aan ons te dien.

Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. 1 Kor. 10:11 – PWL.

Vreemde vuur is wanneer ons nie handel volgens YHVH se onderrig en instruksies nie, maar volgens die leerstellings van mense YHVH as die Afgesonderde Een (die Heilige) wil vereer en dien. Vreemde vuur is oortreding van Torah en dit is sonde en sonde is wetteloosheid, naamlik Torahloosheid!

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid (oortree Torah), want die sonde is wetteloosheid. 1 Joh. 3:4.

En baie belangrik! Ons mag niks byvoeg of wegneem van Torah nie, want dit is ook vreemde vuur!!

Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie. Deut. 12:32.

Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil. Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie. Spr. 30:5 en 6.

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Open. 22:18 en 19.

Tree jy op as 'n priester?

Die Apostel Petrus herinner ons daaraan dat elkeen wat deur die Afgesonderde Gees wedergebore is, deel is van YHVH se koninklike priesterdom.

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:9 en 10.

Die les wat ons elkeen moet leer, is dat ons as koninklike priesterdom, net soos die Levitiese priesterorde, in alles aan YHVH gehoorsaam moet wees anders sal ons ook sterwe!

Maar ons moet weet en verstaan van watter priesterorde ons deel is! Onthou: As jy nie 'n Leviet is nie, kan jy nie deel van die Levitiese priesterorde wees nie!!

Daarom herinner die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons daaraan dat met Yeshua se folterdood en opstanding het daar 'n verandering in die priesterorde plaasgevind. Laat ons elkeen weer aandagtig en biddend na hierdie woorde luister:

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”

want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,

want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit.

Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,

want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”

waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is.

Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,

maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,

want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;

wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,

want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik. Heb. 7:11 tot 28 –

PWL.

Hiervolgens is dit duidelik dat Yeshua deur YHVH gekies en aangestel is as Ewige Koning en Ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek en dat elkeen wat deur die Afgesonderde Gees wedergebore is, dus deel is van hierdie priesterorde! Ons ewige Hoëpriester (Hoofpriester) is Yeshua Messias wat met Sy folterdood en opstanding ons uitgehaal het onder die Levitiese priesterorde. Daarom, as deel van Israel staan ons huidig nie

meer onder die Levitiese priesterskap nie, maar wel onder die priesterskap volgens die orde van Melgisedek!

Nou moet ons die volgende vra: Vind ons in Torah 'n profetiese heenwysing van hierdie toekomstige verandering in die priesterskap? Die antwoord vind ons in Gen. 49:10 en Deut. 33:20 en 21.

Eerstens lees ons in Gen. 49:10 dat Jakob sy seun Juda geseën het met die woorde:

Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees (1933 AOV)

Ander vertalings van dieselfde teksvers lees soos volg:

The scepter shall not depart from Judah, nor a lawgiver from between his feet until Shiloh comes; and to Him shall be the obedience of the people (KJV).

Die staf sal van Y'udah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees (PWL).

Dawid sê ook in Ps. 60:9 dat Juda die veldheerstaf (wetgewer) van YHVH is. Aan die huis van Juda is die bewaring van Torah dus toevertrou. Die wetgewer (Hebreeus: *khaw-kak*) verwys na die die een wat YHVH se woorde hoor en dit dan graveer op klip, of op metaal of om dit neer te skryf en om toe te sien dat dit uitgevoer word.

Hoewel daar net een Wetgewer is (Jak. 4:12), naamlik YHVH, stel Hy mense aan wat die bewaarder en leraar van die wet (Torah) is. In die verband moet ons onthou dat die Levitiese priesterorde deel van die huis van Juda is en dus deel van die wetgewer en moes daarom die bewaarders en leraars (*teachers*) van YHVH se Torah wees. Hierdie was die taak van die huis van Juda tot Silo (*Shiloh*; die Een aan Wie die septer behoort), naamlik Yeshua Messias sou kom. En nou dat Yeshua gekom het, is dit nie meer die taak van die huis van Juda nie! En nou sal die nasies aan Yeshua gehoorsaam wees! Rabbynse Judaïsme is egter nie aan Yeshua gehoorsaam nie en tog beskou hulle hulself steeds as die wetgewer (veldheer)! Talle in die Messiaanse Beweging het ook hierdie siening, maar is mislei!

Dit herinner ons aan die woorde van Paulus toe hy aangaande sy volksgenote gesê het:

Broeders, die verlanse van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Rom. 10:1 tot 3.

Rabbynse Judaïsme ken nie YHVH se geregtigheid soos dit in Yeshua Messias openbaar is nie! Daarom is die staf wat die simbool as wetgewer is van hulle weggeneem!

Tweedens lees ons dat Moses geprofeteer het van die verandering in priesterorde wat sou kom, want toe Hy die stamme geseën het, het hy die volgende aan die stam van Gad, wat die huis van Efraïm verteenwoordig, gesê (Deut. 33:20 en 21):

En van Gad het hy gesê: Geseënd is Hy wat vir Gad ruimte maak; hy gaan lê soos 'n leeuin en verskeur die arm, ja, die hoofskedel. En hy het vir hom 'n eerstelingsaandeel uitgekies, want daar was die deel van 'n veldheer bewaar; en hy het gekom na die hoofde van die volk, hy het die geregtigheid uitgevoer en sy verordeninge met Israel (1933 AOV).

Ander vertalings van hierdie teksverse lees soos volg:

*And of Gad he said: "Blessed is he who enlarges Gad; He dwells as a lion, and tears the arm, also the crown. He took the first part for himself, **because a lawgiver's portion was hidden there.** He came with the heads of the people; He did the righteousness of YHWH, and His judgments with Israel." (KJV).*

*Van Gad het hy gesê: "Geseënd is Hy wat Gad groter maak; hy gaan lê soos 'n leeu en verskeur die arm en die kroon van die kop. Toe het hy die eerste deel vir homself voorsien, **want daar was die heerser se deel gereserveer** en hy het gekom met die leiers van die volk, hy het die regverdige oordeel van יהיה uitgevoerd en Sy oordele met Yisra'el." (PWL)*

Na die folterdood en opstanding van Yeshua, was die die deel van die wetgewer (veldheer) van die huis van Juda weggeneem omrede hulle Hom as die Messias verwerp het! Die deel van die wetgewer is toe aan die stam van Gad (die huis van Efraim) gegee omrede hulle geglo het dat Yeshua die Messias is en omrede hulle YHVH se Afgesonderde Gees op *Shavuot* (Pinksterdag) ontvang het. Dit is Efraim wat die geregtigheid van YHVH uitgevoer het, asook sy verordeninge (Sy Torah) met Israel!

Hierdie deel van die wetgewer, naamlik as die bewaarders en leraars van Torah, was verskuil in Efraim. Aanvanklik het die Apostels en die gemeente van Handeling hierdie taak uitgevoer volgens Yeshua se opdrag:

*Yeshua het nadergekome en met hulle gepraat en vir hulle gesê: "Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, **maak studentevolginge van al die nasies, en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het** en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heeal. Dit is waar." Matt. 28:18 tot 20 – PWL.*

Die Apostels en die gemeente van Handeling was die skakel tussen Torah en Yeshua! Die evangelie wat hulle verkondig het was redding deur vertrouwe in Yeshua as die Lam van YHVH wat met 'n leefwyse van Torah-gehoorsaamheid gepaard gegaan het. Maar soos die misleiding van die Christendom posgevat het, het die bewaarder en leraar van Torah weer in Efraim 'verskuil' geraak en het slegs die vertrouwe in Yeshua as die Messias oorgebly. Die huis van Juda het op hulle beurt Torah sonder Yeshua deur die eeue bewaar, maar sonder 'n priesterdom, want die tempel was vernietig.

Dit is eers in die afgelope sowat dertig jaar dat die huis van Efraim 'ontdek' het dat hulle deel van Israel is, of dat hulle die ware betekenis daarvan verstaan het, naamlik dat YHVH se geregtigheid is redding deur vertrouwe in Yeshua as Messias wat opgevolg word deur Torah-gehoorsaamheid. Hierdie ontdekking van ons Hebreuse verbintenis was die begin van wat algemeen bekend staan as die Messiaanse Beweging (Messiaanse Ontwaking).

Baie min van die huis van Efraim verstaan egter vandag wat dit beteken om 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek te wees en dat dié deel van die wetgewer in hulle verskuil was. Talle is nog verblind vir die feit dat die staf (septer) as die bewaarder en leraar (wetgewer) van Torah van die huis van Juda weggeneem is en huidiglike aan die huis van Efraim gegee is. Daarom is die meerderheid van die Messiaanse Beweging in vele opsigte volgelinge van Rabbyne Judaïsme!

As koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek is ons taak steeds soos die van die Levitiese priesterorde van ouds, naamlik:

“Moenie, wanneer julle in die Tent van Ontmoeting ingaan, wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou sodat julle nie sterf nie. Dit is ’n ewige instelling in julle geslagte, om ’n onderskeid te maak tussen wat afgesonderd is en wat nie afgesonderd is nie; tussen wat onrein en wat rein is en om die seuns van Yisra’el al die opdragte te leer wat יהוה deur die hand van Moshe aan hulle verkondig het.” Lev. 10:9 tot 11 – PWL.

In die huidige dispensasie is daar nie ’n tempel nie en dus geen Levitiese priesterorde nie. Daar is wel die Melgisedek priesterorde wat sonder ’n tempel funksioneer; soos wat dit gefunksioneer het voor die Levitiese priesterorde ingestel was na die goue kalf aanbidding. Die Melgisedek priesterorde sal bly funksioneer tot Yeshua weer kom.

Die Skrifte leer ons dat daar ’n dag sal kom wat die huis van Juda vir Yeshua as Messias sal aanvaar en wanneer die huis van Efraim na Israel terug sal keer.

*Ek sal die Gees van onverdiende guns en van smeekbede oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Yerushalayim uitgiet en hulle sal opkyk na My vir Wie hulle deurboor het en hulle sal oor Hom rou soos ’n mens rou oor ’n enigste seun en hulle sal bitterlik oor Hom huil soos die bitterlike gehuil oor ’n uniek eersgeborene. In daardie dag sal daar ’n groot rou wees in Yerushalayim, soos die rou van Hadad-Rimmon in die vlakte van Megiddo. Die land sal rou, elke familie by homself; die familie van die huis van Dawid afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van die huis van Natan afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; **die familie van die huis van Levi afsonderlik** en hulle vroue afsonderlik; die familie van Shim’i afsonderlik en hulle vroue afsonderlik. Al die ander families, elke familie afsonderlik en hulle vroue afsonderlik. Sagg. 12:10 tot 14.*

Wanneer die Rabbies van Rabbynse Judaïsme hulle gesag prysgee en hulself aan Yeshua met berou onderwerp, sal hulle, naamlik die Levitiese priesterorde, ook deel word van die Melgisedek priesterorde. Daar kan net een priesterorde met een Hoëpriester wees, naamlik volgens die Melgisedekorde!

YHVH se priesterorde het begin met ’n Melgisedek orde en sal daarmee eindig in die nuwe Jerusalem waar daar geen tempel sal wees nie, want Johannes *het nie die tempel daarin* (in Jerusalem) *gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel* (Open. 21:22).

Tot Yeshua weer kom is ons as ’n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek se taak om YHVH se koninkryk hier op aarde te vestig. Dit is ons taak om in alles aan YHVH gehoorsaam te wees en om veral, soos in die geval van die Levitiese priesterorde, op die volgende te fokus:

Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is. In ’n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My voorskrifte moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder. Eseg. 44:23 en 24 – PWL.

Die opdrag van Yeshua is om YHVH se koninkryk te vestig – *gaan en verkondig die evangelie van redding deur Yeshua, maak van hulle dissipels en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.* Dit was van die begin af so en is steeds vandag ons opdrag. Dit was die opdrag van die Levitiese priesterorde en dit is die opdrag van die priesters van die Melgisedekorde.

Konings en Priesters of ’n Koninkryk van Priesters?

Daar is 'n lering dat ons met die wederkoms van Yeshua as konings en priesters sal regeer. Hierdie lering is hoofsaaklik gegrond op Open. 1:5 en 6 wat in sommige vertalings soos volg lees:

*...en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed **en ons gemaak het konings en priesters** vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen (1933 AOV).*

*And from Jesus Christ, who is the faithful witness, and the first begotten of the dead, and the prince of the kings of the earth. Unto him that loved us, and washed us from our sins in his own blood, **And hath made us kings and priests** unto God and his Father; to him be glory and dominion for ever and ever. Amen (KJV).*

Dit is 'n vals lering dat ons as konings saam met Yeshua sal regeer, want Open. 1:5 en 6 is in verskeie vertalings, soos ondermeer in die Afrikaanse ou vertaling (1933) en in die King James verkeerd vertaal²! Dit moet nie lees *konings en priesters* nie, maar wel 'n *koninkryk van priesters*. Daarom moet hierdie twee verse soos volg lees:

*....en van Yeshua, Die Gesalfde Een, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons liefhet, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed **en ons 'n koninkryk van priesters'** gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar. (PWL).*

Reeds in Ex. 19:6 lees ons dat YHVH aan Moses gesê het dat Israel 'n koninkryk van priesters sal wees. So lees ons ook in Jes. 61:6 dat YHVH deur die profeet Jesaja, met verwysing na die einde van die eeue, sê dat ons Sy priesters genoem sal word. Petrus bevestig dan ook in sy brief dat ons 'n koninklike priesterdom is (1 Pet. 2:9).

Vertalings van Open. 1:6 wat lees dat ons as konings saam met Yeshua sal regeer, is dus strydig met wat Torah leer. In Torah leer ons dat YHVH-God Israel se koning is, selfs in tye wat Israel 'n koning gehad het wat deur God aangestel was! Wanneer Yeshua kom sal Hy as Koning oor ons regeer. Hy alleen sal Koning wees, en hy alleen sal Hoëpriester wees!! Ons sal die Koning se priesterdom wees. Ons sal die taak van priesters verrig!

YHVH is Koning en Yeshua sal die fisiese manifestasie van die Koning van konings wees!

*“**Ek het My Koning aangestel op Tziyon, My afgesonderde berg**”. Ps. 2:6 – PWL.*

Ten opsigte van die eenwording van die twaalf stamme aan die einde van die eeue lees ons:

*Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek sal die seuns van Yisra’el uithaal van tussen die nasies waarheen hulle gegaan het en Ek sal hulle van alle kante af bymekaarmaak en hulle in hul eie land bring en Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Yisra’el **en een Koning sal vir hulle almal Koning wees** en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie. Eseg. 37:21 en 22 – PWL.*

In die boek van Samuel lees ons dat Israel vir YHVH as Koning verwerp het!

² Volgens taalkundiges, en soos dit in sommige van die antieke Skrifte voorkom, is die Griekse woord wat hier gebruik word *basileian* (βασιλείαν – vroulik) en beteken koninkryk. Wanneer daar egter na *koning* verwys word, word die Griekse woord *basileus* (βασίλευς – manlik) gebruik soos byvoorbeeld in 1 Tim. 6:15.

Dié ding was egter verkeerd in die oë van Sh'mu'el toe hulle gesê het: "Gee vir ons 'n koning om ons te rig," en Sh'mu'el het tot יהוה gebid. יהוה sê vir Sh'mu'el: "Luister na die stem van die volk in alles wat hulle vir jou sê, want hulle het jōu nie verwerp nie, maar hulle het Mý verwerp as Koning oor hulle. 1 Sam. 8:6 en 7 – PWL.

Met Yeshua se koms as Messias het Israel weer hulle Koning verwerp. Saggaria het soos volg geprofeteer oor die koms van Messias en ons weet sy profesie het waar geword toe Yeshua op 'n esel Jerusalem binne gery het:

Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. Sag. 9:9.

Die studentevolginge het gegaan en gedoen net soos Yeshua hulle beveel het; hulle het die donkiemerrie en die vul gebring en hulle klere bo-op die vul gelê en Yeshua het daarop gery. 'n Groot menigte mense het hulle klere op die pad oopgesprei, maar ander het takke van die bome afgekap en op die pad neergelê. Die skare wat voor geloop en dié wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê: "Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Outoriteit en Karakter (Naam) van יהוה. U in die hoogste hemel: red ons nou!" Matt. 21:6 tot 9 – PWL.

Maar die owerstes van Israel het 'n Romeinse 'koning' gekies toe hulle geskreeu het:

Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie. Joh. 19:15.

Maar Israel het slegs een Koning, naamlik Yeshua Messias! Die dag sal kom wat elke knie voor Koning Yeshua sal buig:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader. Fil. 2:9 tot 11.

Nota: Die lees van die skrywe van Ina van Niekerk: *Die Orde van Melgisedek teenoor die Levitiese Priesterlike Orde* word sterk aanbeveel. Dit kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [Melgisedek en Levitiese Orde](#)

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom het Paulus steeds na die tempel gegaan om byvoorbeeld die offerande te bring wat vereis word met die beëindiging van die Nasereërsgeofte? In die notas van die vorige parashah (parashah 25.2) by punt 3 onder *Bepeins of Bespreek* is die moontlike antwoord hierop gegee. Maar aansluitend daarby moet die volgende ook onthou word, naamlik: Indien hoofstuk 7 en 8 van die brief aan die Hebreërs in konteks gelees word dan sien ons dat dit hoofsaaklik handel oor die verandering in die priesterorde wat plaasgevind het met Yeshua se folterdood en opstanding. In die lig hiervan lees ons in Heb. 8:13 die volgende:

As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. (1933 AOV).

Let egter daarop dat die woord ‘verbond’ kursief gedruk is en dus nie in die oorspronklike Griekse teks is nie. Hier word dus nie na die verbond verwys nie, maar wel na die tempel en priesterorde wat ‘aan die verdwyn’ is en wat finaal met die vernietiging van die tempel in die jaar 70 beëindig is!

2. Die Skrifte vertel ons die geskiedenis van die verwisseling van die priesterordes deur die eeue tot op die hede en tot aan die einde van die eeue. Dit kan soos volg opgesom word:
 - ‘n Melgisedek priesterorde wat vanaf die begin daar was.
 - ‘n Patriargale priesterorde waar die gesinshoof as patriarg die rol van koning, priester en profeet vervul het soos deur Abraham, Isak en Jakob gedemonstreer was.
 - ‘n Priesterorde van die eersgeborenes tydens Israel se verblyf in Egipte. Hierdie priesterorde is deur die Levitiese orde vervang omrede die eersgeborenes nie die aanbidding van die goue kalf teengestaan het nie. (Exodus) 32:27 tot 29.
 - ‘n Levitiese priesterorde tydens Israel se swerftog in die wildernis en tot en met die vernietiging van die eerste tempel.
 - ‘n Rabbynse priesterorde tydens die tweede tempeltydperk tot en met Yeshua se eerste koms.
 - ‘n Melgisedek priesterorde wat ingestel is na Yeshua se folterdood en opstanding en wat die Rabbynse priesterorde vervang het (Heb. 7:12 tot 22) en wat sal funksioneer tot en met Yeshua se wederkoms.
 - ‘n Melgisedek-Levitiese priesterorde in die einde van dae wanneer Yeshua as Koning en Hoëpriester op aarde sal regeer.

3. Is dit in die Skrifte geskryf dat ons ‘n koninklike priesterdom is of dat ons ‘n koninklike priesterdom sal word? In Ex. 19:5 en 6 lees ons dat YHVH sê dat *julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde nasie wees* indien ons terdeë na YHVH se stem (Sy Torah) luister (*sh’ma sh’ma*). In 1 Pet. 2:9 is geskryf dat *julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n afgesonderde volk...* Wag jy om deel van ‘n koninklike priesterdom te word of is jy reeds deel van YHVH se koninklike priesterdom omrede jy vertrou in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid jou hartsbegeerte is? Glo jy dat die Melgisedek priesterorde sal bly funksioneer tot die Levitiese priesterorde herstel sal word in die tyd van die tempel in die Millennium wanneer Yeshua die Koning en Hoëpriester sal wees? Onthou: In die tempel wat die Tempel Instituut in Jerusalem beplan om binnekort te bou, en waarvan die brandofferaltaar en feitlik alle ander toebehore reeds vervaardig is, sal ‘n priesterorde diens doen wat Yeshua as die Geslagde Lam van God verwerp! Is dit waarvan jy deel wil wees?

4. In verlede week se notas is die volgende ook gevra: Indien die beplande derde tempel gebou word, en daar ‘n Levitiese orde dienswerk verrig onder die toesig van Rabbynse Judaïsme wat Yeshua as die Messias wat reeds gekom het verwerp (soos wat tans die geval is), is die vraag of jy gehoorsaam gaan wees ten opsigte van Torah se vereiste vir die gee van tiendes om die tempel en die Leviete te onderhou? Sal jy, indien dit enigsins

in jou vermoë is, drie keer per jaar met die feestye na Jerusalem en die tempel gaan soos wat Torah ons beveel?

5. Judas Iskariot het Yeshua vir dertig silwerstukke verrai (Matt. 26:14; Matt. 27:3; Joh. 13:26 tot 30). Die naam *Judas* is die Grieks vir *Juda*. Ons weet ook dat dit Juda was wat vir sy broers gesê het om Josef ('n sinnebeeld van Yeshua; Yeshua ben Josef) te verkoop (Gen. 37:26 tot 28). Daarom is dit is as te ware die Levitiese priesterorde, wat deel is van die huis van Juda, wat Yeshua 'verrai' het. Net soos 'n ander apostel, naamlik Matthias, in die plek van Judas gekies was, so is 'n ander bewaarder en leraar (wetgewer) van die Torah aangestel. Die naam Matthias beteken *geskenk van God*. Die Torah word allerweë beskou as 'n geskenk van God en hierdie geskenk is nou toevertrou aan die priesters van die orde van Melgisedek.

6. In Lev. 9:9 is die opdrag aan die priesters om geen sterk drank te drink as hulle in die tent van samekoms ingaan nie. Nou kan ons ook die vraag vra hoekom Yeshua aan sy dissipels tydens die Pesagmaal die volgende woorde gesê het: *Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader* (Matt. 26:29). Is dit omrede Yeshua geweet het dat Hy na sy folterdood en opstanding as Hoëpriester dienswerk as Middelaar in YHVH se heiligdom sou doen en Lev. 9:9 dus ook op Hom van toepassing sou wees? Is dit die bewys en die bevestiging dat Yeshua nou die amp as Hoëpriester bekleed? In die verband moet ons ook onthou dat Kajafas, die hoëpriester, sy kleed geskeur het (Matt. 26:65) en homself daarmee as hoëpriester onthef het (Ex. 28:32; Lev. 21:10).

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

-0-0-0-0-0-0-0-

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.